

ALLEREERS 1 – 'n Sagte Hart

AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?

VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Indien jy deelneem aan die 21 Dae Vas en Gebed, wat was jou ervaring die afgelope week?

Wat dink jy is van die grootste redes hoekom mense oor 'n tydperk afgestomp raak of dat mense net nie meer omgee om die regte ding te doen nie?

Op watter manier het jy in die afgelope jaar ervaar dat jou eie hart hard word teenoor mense of God se beginsels? Verduidelik.

Het jy gewoontes of dissiplines om te verseker jou hart word nie afgestomp teenoor God se beginsels nie? Verduidelik.

Hoe speel dit uit in ons lewens en verhoudings as ons afgestomp raak teenoor God en sy beginsels?

Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:

2 Korintiërs 13:5 en Galasiërs 6:4. Op watter manier ondersoek of toets jy die kwaliteit van jou geloofslewe?

Matteus 5:8(NLV) sê: *“Gelukkig is dié wie se harte volkome op God gerig is, want hulle sal vir God sien”*.
Wat dink jy van die stelling wat in die preek gemaak is dat die rigting van ons hart bepaal wat of wie ons gaan sien?

Jeremia 17:9. Hoekom is dit gevaarlik om net jou hart te volg volgens hierdie vers? Stem jy saam met die stelling: *“Volg net jou hart”*?

Psalm 139:23. Hoe lyk dit as ons vir God vra om ons harte te ondersoek?

Matteus 18:8-9. Wat dink jy het Jesus hier bedoel? Hoe hou dit verband met ons tema van vandag oor dinge wat ons aandag aftrek van God?

Jesaja 6:1-8. Watter gevolg het Jesaja se ervaring van 'n groter openbaring van God? Wat staan vir jou uit van hierdie gedeelte? Hoe kan jy 'n groter openbaring van God in jou eie lewe kry?

Watter dinge in jou lewe het die potensiaal om jou fokus op God, te verskuif? Wat kan jy doen om dit hierdie week te bestuur?

Wat kan jy hierdie week doen om jou fokus op God te verskerp? Hoe kan jou groep jou help?

GEBED EN OMGEE

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daarvoor kan bid:

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.